LAERSKOOL **ELARDUSPARK**
Waar leerders toegerus word

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153

Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

Omsendbrief 9/2020

17 Maart 2020

Geagte Ouers

Hierdie brief word geborg deur

MannaBears®
IRRESISTIBLY TASTY GLYCONUTRIENTS

Sometimes you have to trick kids (and adults!) into making healthy choices. But delicious MannaBears are specially formulated to deliver Glyconutrients to young people during their growing years while being tasty, too.

Our soft and fruity MannaBears supplements:

- Deliver a specially formulated Glyconutritional¹ blend, along with 9 dehydrated fruits and vegetable powders.

Marelize 0615025426

ImmunoSTART®
LEND A HAND TO YOUR IMMUNITY

Problems with stress, bad diet and poor sleep habits aren't helping your immune system. Packed full of nutrients, ImmunoSTART tablets help stimulate and support the body's natural immune response to help you live to the fullest.

These tablets:

- Help build, support and nurture immune system health.
- Are engineered with a targeted array of nutrients, including bovine colostrum and lactoferrin, that work to stimulate and support the body's natural immune response.
- Increase plasma levels of neutrophil precursors. (Neutrophils are the most abundant immune cells and form an integral part of the immune system).

1. AKADEMIE

Na aanleiding van die skool wat vroeër sluit in kwartaal 1 sal ons akademiese program daadwerklik aangepas moet word vir kwartaal 2. As gevolg van Covid 19 verloor ons 9 skooldae wat soos volg in die akademiese program ingewerk sal word. Die Junievakansie word verkort met 7 skooldae en die Septembervakansie met 2 skooldae. Leerders gaan wel in sekere vakke werk kry wat hulle gedurende die vakansie moet voltooi of voorberei. Ons versoek dat u asb sal toesien dat die leerders wel die nodige voorbereidings doen, aangesien kwartaal 2 baie bedrywig gaan wees. Besoek gerus Lardies TV vir opnames wat alreeds gedoen is in verskillende vakke vir die nodige vaslegging.

2. OPEDAG

Ons nooi alle voornemende Gr. R en Gr. 1 - leerders vir 2021 uit om ons skool te kom besoek op 18 April 2020 vanaf 08:00 tot 11:00. Kom besigtig die skool en al die aktiwiteite wat ons bied, terwyl u ook na Meneer Human kan luister gedurende die oggend se verrigtinge.

3. ATLETIEK

Ons is baie trots op al ons Lardie-atlete se puik vertonings tydens die Gauteng Atletiekkampioenskappe. Welgedaan Lardies!

Uitslae (Top 8 posisies)

0/10	Josh Leë	1200m	5e
0/11	Alexander Griesel	70m Hekkies	5e
	Ettiene Stiglingh	Hoogspring	6e

0/12	**Scarlett Fairbanks**	**Diskus 1e (Nuwe rekord)**	
		Gewigstoot	5e
	Gustav Mienie	100m 5e	**150m 2e**
	Jean van den Berg	**Diskus 2e, Spiesgooi 1e (Nuwe rekord) Gewigstoot 3e**	
	Jean is aangewys as Victor Ludorum! Skitterend, jy verdien dit Jean!		
0/13	**Heike de Klerk**	100m 5e	**Verspring 3e**
	Sera J v Rensburg	Spiesgooi	5e
	Danique Müller	200m	8e
	Danré Tustin	200m Hekkies	8e

Baie geluk met puik vertonings Lardies! Ons is ekstra trots op ons 4 medaljewenners!
SA Kampioenskappe is uitgestel tot verdere kennisname.

4. TENNIS

Uitslae: 9 Maart 2020

Span/ Ouderdomsgroep		Opponente	Uitslag	Wen/ Verloor
Seuns oop	1e	Curro Hazeldene	31/24	Wen
Seuns 0/11	1e	Pta-Oos	24/31	Verloor
Dogters Oop	2e	Hennopspark	46/9	Wen
	3e	Constantiapark	43/12	Wen
Dogters 0/11	1e	Southdowns	14/41	Verloor

5. NETBAL

Ons het verlede week vriendskaplike wedstryde teen Laerskool Fairlands gespeel.
Hier volg die uitslae van verlede week se vriendskaplike wedstryde:

10 Maart EP vs Fairlands

Span	Telling	Uitslag	Span	Telling	Uitslag
o/10 A	8 – 11	Verloor	o/12 A	Nie gespeel	
o/10 B	8 - 6	Wen	o/12 B	8 - 8	Gelyk
o/10 C	4 - 1	Wen	o/12 C	5 - 13	Verloor
o/10 D	1 - 5	Verloor	o/12 D	11 – 2	Wen
o/11 A	10 - 22	Verloor	o/13 A	Nie gespeel	
o/11 B	1 - 15	Verloor	o/13 B	20 - 8	Wen
o/11 C	5 - 10	Verloor	o/13 C	5 – 19	Verloor
o/11 D	3 - 3	Gelyk			

Ons wil ook baie geluk sê aan Chloe Nel o/13 en Miette Fourie o/12 wat deurgedring het na die Gauteng proewe.
Ons netbalkursus die afgelope naweek was ‘n groot sukses. Die dogters en afrigters het baie geleer en dit baie geniet.

6. RUGBY

Uitslae van wedstryde gespeel op 10 Maart 2020 EP vs Fairland

Span	Opponente	Wen/Verloor
0/9A	Fairland	Wen
0/9B	Fairland	Wen
0/9C	Fairland	Wen
0/10A	Fairland	Wen
0/10B	Fairland	Wen
0/10C	HP	Wen
0/11A	Fairland	Wen
0/11B	Fairland	Wen
0/13A	Fairland	Wen
0/13B	Fairland	Wen
0/13C	Fairland	Verloor
0/13D	HP	Verloor

7. SUPER 12 – RUGBY EN NETBAL

Neem asseblief kennis dat alle wedstryde ten opsigte van die Rugby en Netbal Super 12 afgestel is.

8. SKAAK

Wynie Robbertse Ope Skaaktoernooi plaasgevind op Saterdag, 7 Maart 2020

Die volgende spelers het deelgeneem.

Afdeling C	Graad	Resultaat	Prestasie
Donovan Grobler	5	3/5	9de
Waldo Trytsma		2/5	

Altus Marais	5	1/5	
o/12 Afdeling			
Josh Jooste	5	4/5	4de
Leila Eygelaar	4	3/5	8ste
Henco Nel	5	3/5	11de
MJ Mostert	5	3/5	
Tiaan Henning	5	2/5	
Hadriaan Green	4	1/5	
o/10 Afdeling			
Liam de Beer	3	3/5	8ste
Marco Coetzee	3	2/5	
o/8 Afdeling			
Oban Minny	1	3.5/5	3de

Ons skool is baie trots op julle! Baie geluk!

Baie geluk aan Leila Eygelaar (Gr. 4) wat uitgenooi is na die SAJS Geslote Kampioenskappe wat gedurende die vakansie plaasvind.
Leila ons is baie trots op jou met ‘n uitsonderlike goeie prestasie. Ons hou duimvas dat dit baie goed sal gaan met die toernooi. Doen jou bes.

9. HOKKIE

Ouers ons vra dat u asseblief kennis neem van die volgende datums:
Proewe: 17 April – o/10 - o/13 seuns en dogters te H/s Waterkloof
23 Mei - o/10 en o/11 seuns en dogters (velde sal aangekondig word)
15/16 Mei – o/12 en o/13 seuns en dogters (velde sal aangekondig word)

Hokkie wedstryde

Week 1	**13–18 Jul 2020**	Hennopspark vs Elarduspark	Dogters: A & B
		Bakenkop vs Elarduspark	Seuns: A
Week 2	**20-25 Jul 2020**	**Geen wedstryde**	Dogters: A & B
		Elarduspark vs HCS	Seuns: A
Week 3	**27 Jul–1 Aug**	Elarduspark vs Woodhill College	Dogters: A & B
		Elarduspark vs HCS	Seuns: A
Week 4	**11–15 Aug 2020**	Wierdapark vs Elarduspark	Dogters: A & B

		Curro Hazeldean vs Elarduspark	Seuns: A
Week 5	**17 – 22 Aug 2020**	Elarduspark vs Menlopark	Dogters: A & B
		Elarduspark vs St Paulus	Seuns: A

Uitspele en Finale

o/11 dogters 28 & 29 Augustus 2020
o/12 dogters 26 Augustus, 11 & 12 September 2020
o/13 dogters 28 & 29 Augustus 2020

0/11 seuns 2, 9, 11 & 12 September 2020
o/12 seuns 5, 9 & 12 September 2020
o/13 seuns 4 & 5 September 2020

Enige veranderinge aan datums sal vroegtydig aan u deurgegee word soos wat ons dit van Northerns ontvang.

Hokkiekamp 12 tot 14 Junie 2020 te Zwartkloof Privaat Wildreservaat.
Koste beloop ± R1900,00.

10. REDENAARS

Ons is trots om aan te kondig dat ons Lardies algeheel 3de by die jaarlikse Super 12 - Redenaars Kompetisie wat op 6 en 7 Maart 2020 plaasgevind het, geëindig het. Laerskool Constantiapark was hierdie jaar ons gasheerskool. Baie dankie aan al ons Lardies wat deelgeneem het. Julle was voorwaar ons trots gewees. Individuele prestasies was Etienne Stiglingh wat Goud in die Graad 4-5 afdeling en Je-Miné de la Rey wat silwer in die Graad 6-7 afdeling verwerf het. Ons Graad 7 - span het ook algeheel brons verwerf. Met sulke pragtige uitslae sien ons uit na wat die redenaars vir die res van 2020 inhou.

Belangrike kennisgewing

Ons wil graag al ons ATKV - Redenaars in kennis stel dat die ATKV se uitdunne wat by Hoërskool Menlopark sou plaasvind asook die semi-finale en finale afgestel is vir die jaar weens die impak van Covid 19.

11. KOOR

Neem asseblief kennis dat die ATKV Applous, Semi-finale en Super 12 Kompetisie afgestel is as gevolg van die Covid 19.

12. WETENSKAP EKSPO

Die inhandigingsdatum van die ekspo verskuif na Dinsdag, 14 April 2020. Die leerders sal ook op daardie dag die vraelys voltooi.
Leerders sal vanaf Dinsdag, 14 April 2020 gevra word om hul Ekspo taak te verduidelik en vrae te beantwoord soos dit in die leerprogram van die betrokke onderwyser inpas. Alle leerders moet dus gereed wees op daardie dag.
Die Interne Wetenskap Ekspo sal verskuif na die begin van die Derde Kwartaal. Datums sal so gou moontlik gekommunikeer word.

13. TUINPROJEK

Baie dankie vir die entoesiastiese ouers wat bereid is om te help met die tuinprojek.
Die reëlings ten opsigte van die projek bly dieselfde, behalwe dat die tuine afgehandel moet wees teen 13 April 2020.
Die Graad 1–Opedag is 18 April 2020 en ons is oortuig dat die skool se tuin beslis ‘n positiewe beeldbouer gaan wees tydens die belangrike geleentheid.
Ons opregte dank en waardering vir u positiewe gesindheid in die verband.

14. PERDRY

Die volgende ruiters het die naweek van die 7-8 Maart 2020 deelgeneem aan die tweede SANESA Core League Qualifier en het puik presteer.
Olivia Schutte – 2 x 1ste plekke
Miranki Theron - 2 x 4de plekke
Lané Lambrechts - 5de plek
Joané van Heerden - 9de plek

Baie geluk aan elkeen. Lardies is trots op julle.

15. FIETSRY

Die volgende leerders het die afgelope naweek, 14 Maart 2020, aan ‘n vriendskaplike bergfietsry resies by Hoërskool Wagpos in Brits deelgeneem en het Lardies se naam hoog gehou.

Mia Badenhorst (Gr.4) het in die Nippers (Gr.4-6) kategorie gery en het ‘n 3de plek in die meisies afdeling behaal.

Kyle Lambert (Gr.5), Hendré van Zyl (Gr.5) en Ruben Kruger (Gr.5) het in die Nippers (Gr.4-6) kategorie gery en het ‘n 7de, 8ste en 10de plek onderskeidelik behaal.

Johandré de Vries (Gr.7) het in die Sub-Juniors (Gr.7-8) kategorie gery en het ‘n 10de plek behaal.

Baie geluk Lardies!

16. SLUITING VAN SKOOL

Die skool sluit Dinsdag, 17 Maart 2020 gewone tyd en heropen op Dinsdag, 14 April 2020 om 07:30. Ons glo elkeen gaan ’n welverdiende ruskans geniet en dat u tyd gaan hê om weer gesinsbande te versterk.

Vriendelike Lardie-groete

ME H BARKHUIZEN
ADJUNKHOOF

MNR T HUMAN
SKOOLHOOF